**Op pad na Sinai: Voorbereiding (OP170)**

**Eks 15:22-17:7**

**14 April 2024**

Laasweek het ons gekyk na die Here se verlossing van die volk by die Rietsee. Ons het daaroor besin dat die Christelike geloof bestaan uit ‘n objektiewe kennis van die woord en beloftes van die Here, asook uit ‘n subjektiewe belewing van hierdie geloof. Ons het daarop gelet dat dit die Here was wat die situasie by die Rietsee bewerk het: Hy het die volk doelbewus soontoe gelei, asook die Egiptenare. Die respons van die volk was om hulle blind te staar teen die bedreiging van die Egiptenare en die Rietsee. Dit het verskil van Moses se respons, wat vasgehou het aan die beloftes van die Here, en daarom die volk kon aanmoedig om nie bang te wees nie, om vas te staan en te aanskou hoe die Here hulle sal verlos. Die doel van die Here met hierdie gebeure was sodat Sy naam verheerlik sou word – deur beide die Egiptenare wat moes erken Hy is die Here, en die volk wat opnuut hulle vertroue in die Here gestel het. Verder het die Here dit ook tot voordeel van die volk gebruik: Hulle moes leer om in die krisis tot die Here te bid, nie te vergeet dat Hy by hulle teenwoordig is nie, dat Hy hulle wel sal verlos in lyn met Sy belofte, dat Hy wil hê hulle geloof moet groei, en ook dat ons moet onthou dit is alles deel van die groter stryd tussen die nageslag van die vrou en die slang.

Vandag wil ek stilstaan by Eks 15:22-17:7. In hierdie gedeelte is die Israeliete op pad vanaf die Rietsee na Sinai. In hierdie gedeelte lees ons van drie insidente wat plaasgevind het: Die Here wat die bitter water soet gemaak het by Mara, die Here wat aan die volk kwartels en manna gegee het in die Sinwoestyn, en ook die Here wat vir die volk water uit die rots gegee het by Refidim. Ek wil graag elkeen van hierdie insidente kortliks bespreek, en daarna aandag gee aan wat die Here aan ons openbaar deur hierdie insidente.

<u>Bitter water by Mara (Eks 15:22-27)</u>

Nadat die volk van die Rietsee vertrek het, het hulle drie dae lank deur die woestyn getrek, en toe by Mara aangekom (v22). Gedurende die drie dae het hulle nie water gevind nie, met die gevolg dat toe hulle by Mara aankom, was hulle dors. By Mara was daar water, maar hulle kon nie die water drink nie, want dit was bitter (v23). Die volk het toe by Moses gekla, en Moses het tot die Here geroep om hulp (v24-25). Die Here het aan Moses ‘n stuk hout gewys. Kan ek twee opmerkings hieroor maak: (1) Verskeie kommentatore sê ons moet waarskynlik eerder ‘n boom in gedagte hê as net ‘n stuk hout, en (2) Die Hebreeuse woord wat vertaal is met “wys” is dieselfde woord wat ook vertaal word met “wet”, in Hebreeus “Torah” – soos wat die Here vir Moses die hout/boom gewys het, so wys die wet aan ons die wil van die Here, d.w.s. wat Hy wil hê ons moet doen. Moses het toe die boom in die water gegooi, en die gevolg was dat die water soet geword het (v25). Weereens is daar baie spekulasie oor hoe dit moontlik is dat ‘n boom bitter water soet kan maak – en ek volstaan deur net te sê by die Here is dit moontlik.

Wat egter opvallend is, is wat hierna gebeur in vers 25b-26: Ons lees dit was ‘n toets van die Here, en Hy het nou aan hulle ‘n voorskrif of bepaling gegee. Die inhoud van hierdie voorskrif was: As die volk noukeurig sou luister na wat die Here sê, as hulle sou doen wat reg is in Sy oë, as hulle Sy gebooie en voorskrifte nakom – dan sal die siektes waarmee die Here die Egiptenare getref het (waarskynlik tydens die 10 plae) nie die volk tref nie, trouens die Here sal hulle gesond maak. Ons sal later besin oor hoekom die Here juis dit op hierdie stadium gesê het.

Opsommend: Die Here het die volk by Mara getoets. Hulle is daar gekonfronteer met twee soorte water: bitter en soet water. Die bitter water kon hulle nie drink nie, maar na die Here dit soet gemaak het, kon hulle dit wel drink. En dan eis die Here van die volk gehoorsaamheid aan Sy gebooie.

<u>Kwartels en manna in die Sinwoestyn (Eks 16:1-36)</u>

Hierdie gebeure vind plaas 1 maand nadat die volk uit Egipte verlos is (v1). Weer kla die volk by Moses – hierdie keer verlang hulle terug na die vleispotte van Egipte. Volgens hulle is hulle op die punt om te sterf van die honger (v3). Wel, hulle klag was nie heeltemal eerlik nie – onthou hulle het hulle vee by hulle gehad. Dit was op 'n stadium juis 'n dispuutpunt met die farao – hy wou hê hulle moes sonder hulle vee trek, maar Moses het geweier. Die volk het dus toegang gehad tot kos – hulle kon hulle beeste melk, kaas maak, selfs van hulle vee slag en eet. Die punt is: die volk is onvergenoegd met wat hulle reeds van die Here ontvang het.

In vers 4 maak die Here bekend dat Hy hierdie situasie gaan gebruik om Sy volk te toets (soos wat hulle by Mara getoets is). Die toets wat die Here die keer gaan aanlê is juis om te bepaal of die volk die wet van die Here sal gehoorsaam of nie (v4). Onthou, die Here het by Mara spesifiek gesê Hy verwag van hulle om dit te doen – nou gaan die Here hulle toets of hulle dit wel sal doen. Boonop gaan die Here dit ook gebruik om hulle te herinner dat Hy hulle uit Egipte gelei het, Hy gaan hulle opnuut Sy heerlikheid laat sien (v6-7), en Hy gaan hulle herinner dat Hy die Here hulle God is (v11). Dit is soortgelyk aan wat ons laasweek gesien het die doel van die Here was met die toets by die Rietsee.

Die toets van die Here was geleë in die feit dat Hy aan die volk in die aand kwartels sou gee, sodat hulle vleis kon eet, en in die oggend manna sou gee, sodat hulle brood kon eet (v12-14). Die toets was veral in die voorskrifte wat die Here gegee het rakende die eet van die manna:

- Ons lees elke persoon moes elke dag genoeg manna optel vir homself om te eet (v4) – volgens v16 was dit 'n omer per persoon.
- Daar was egter 'n uitsondering op die sesde dag – dan moes hulle genoeg optel vir twee dae, vir beide die sesde en sewende dag (v5). Die rede hiervoor was dat die sewende dag die sabbatdag was, wat 'n dag van rus moes wees (v29-30). Dit is interessant om daarop te let dat die onderhouding van die sabbatdag alreeds 'n voorskrif was, selfs nog voor die aankondiging van die tien gebooie. Die rede hiervoor is natuurlik omdat die Here dit alreeds in Gen 2 as 'n gereelde rusdag ingestel het.
- Niks van die manna mog oorgehou word tot die volgende dag nie (v19). Die volk moes vertrou dat die Here elke dag weer manna sou gee, en hulle moes elke dag weer gaan optel.

Ons lees in v17-18 dat alhoewel sommiges baie opgetel het, en ander minder, was die uitslag tog dat almal op die ou end genoeg gehad het. Maar die volk was nie ernstig daaroor om die Here se opdragte getrou uit te voer nie:

- Sommiges het wel van die manna laat oorstaan tot die volgende more – maar toe was daar maaiers in en dit het gestink. Moses was woedend hieroor (v20).
- Op die sewende dag het party lede van die volk wel uitgegaan om manna op te tel – maar daar was niks om op te tel nie. Hieroor was die Here nie tevrede nie (v27). Ons lees spesifiek dat die Here gevra het hoe lank hulle gaan weier om Sy gebooie en wette na te kom. Let op: weereens 'n fokus op die onderhouding van die Here se gebooie.

Ons lees ook dat die Here spesifiek die opdrag gegee het dat hulle ‘n kruik met ‘n omer manna moes bewaar vir die nageslag, sodat die nageslag die brood kon sien waarmee die Here Sy volk gevoed het. Aäron sou later hierdie kruik met manna voor die Getuienis plaas – die Getuienis was natuurlik die twee kliptafels waarop die Here Sy wet geskryf het, en wat later in die verbondsark, saam met die kruik manna, in die Allerheiligste van die tabernakel geplaas is (v32-24) – weereens ‘n fokus op die wet van die Here.

Opsommend: Die Here het weer Sy volk getoets: Gaan hulle Sy voorskrifte onderhou of nie? Immers het die Here by Mara dit baie duidelik gemaak dat Hy van hulle gehoorsaamheid eis. Die toets was dat hulle die voorskrifte wat die Here gegee het rakende die eet van die manna, akkuraat moes nakom. Ongelukkig het die volk nie die voorskrifte akkuraat gehou nie. Tog weet ons dat die Here daagliks aan hulle manna gegee het tot met die inname van die beloofde land 40 jaar later (Jos 5:12).

<u>Water uit die rots by Refidim (Eks 17:1-7)</u>

Die derde insident het by Refidim plaasgevind. Weereens is die fokus water – maar anders as by Mara waar daar wel water was, al was dit bitter, was daar by Refidim geen water nie. En soos wat ons teen hierdie tyd kan verwag, kla die volk weer by Moses, en eis dat hy vir hulle water moet gee. Waar ons met die eerste twee insidente gesien het dat dit die Here was wat die volk getoets het, lees ons in hierdie gedeelte dat die volk die Here getoets het, of soos die 2020 vertaling sê: Hulle het die Here uitgedaag (v2, 7). Hulle het die Here uitgedaag deur te vra: “Is die Here in ons midde of nie?” Die volk het geïnsinueer dat die gebrek aan water ‘n aanduiding is dat die Here nie in hulle midde is nie. Die situasie was so ernstig dat die volk Moses wou stenig (v4).

Dit is verstommend dat die Here steeds nie in toorn teen die volk ontvlam het nie. Inteendeel, die opdrag van die Here was dat Moses die oudstes van die volk saam met hom moes neem. Moses moes die staf waarmee hy destyds op die Nylrivier geslaan het, saamneem. Hulle moes almal na die rots gaan wat daar by Horeb was. Die Here het onderneem Hy sou self daar voor Moses op die rots staan. Moses moes dan die rots slaan met sy staf, terwyl die Here op die rots staan, waarna daar water uit die rots sou vloei. Moses het dit gedoen terwyl die oudstes van die volk toegekyk het. Daar het water uit die rots gevloei, en die volk kon drink.

Opsommend: Hierdie keer was dit die volk wat die Here uitgedaag het om te sien of Hy wel in hulle midde was. Die Here het weer aan die volk water gegee – water wat uit die rots gevloei het, nadat Moses met sy staf daarteen geslaan het, terwyl die Here op die rots gestaan het.

<u>Wat die Here aan ons openbaar deur hierdie drie insidente</u>

Wat is dit wat die Here aan ons wil openbaar met hierdie drie insidente op pad na Sinai toe? Natuurlik kan ons hieruit aflei dat dit die Here is wat Sy volk versorg deurdat Hy vir hulle sorg in terme van hulle fisiese behoeftes aan water en kos. Natuurlik kan ons aflei dat die Here selfs op ‘n bonatuurlike manier aan hierdie behoeftes kan voorsien – immers is Hy die Almagtige God.

Maar ek is oortuig hier lê baie meer betekenis in. Dit is immers openbaringsgeskiedenis. Wat wil die Here hier aan ons openbaar?

Ek dink dit is nodig dat ons eers na drie plekke in die Nuwe Testament moet blaai. In hierdie drie plekke is daar nuttige inligting om elkeen van hierdie drie insidente beter te kan begryp:

- Joh 4:9-14: In hierdie gedeelte was Jesus by die dorp Sigar in Samaria. Hy was daar by ‘n put met water. Jesus het vir ‘n Samaritaanse vrou gevra dat sy vir hom water moet gee om te drink. Sy was verbaas, en merk op dit hoort nie so nie – want Jode meng mos nie met

Samaritane nie. Jesus het egter vir haar gesê daar is iets wat sy nie verstaan nie: As sy verstaan het wie Jesus was, sou sy vir Jesus gevra het om vir haar water te gee om te drink (nie andersom soos wat Hy nou vir haar gevra het nie). En die belangrike punt is dat Hy nie net aan haar water kan gee nie, nee, Hy kan aan haar lewende water gee. En hierdie lewende water is wonderlik: dit les werklik die dors van die een wat dit drink, so veel so dat die een wat dit drink, nooit weer dors sal kry nie, trouens dit sal in hom 'n fontein word wat opborrel en wat uitloop op die ewige lewe. Jesus is dus die bron van lewende water, wat werklik dors les, so veel so dat dit die wat in Hom is, die ewige lewe sal hê.

- Joh 6:27-35: In hierdie gedeelte praat Jesus met mense wat deel was van die vermeerdering van die brode. Maar Jesus waarsku hulle dat hulle verder moet kyk as net na die fisiese brood. Hulle moet soek na voedsel wat voed tot in die ewige lewe (v27). Hulle gryp toe terug na hulle voorvaders wat destyds in die woestyn die manna geëet het wat die Here aan hulle uit die hemel gegee het. In vers 32 sê Jesus vir hulle daardie manna was eintlik 'n heenwysing na Hom – Hy is die ware brood wat uit die hemel gekom het. In vers 35 sê Hy: "Ek is die brood van die lewe. Wie na My toe kom, sal nooit honger word nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors word nie". Ek hoop jy sien die raakvlak met Joh 4 raak: Jesus is die lewende water en die ware brood – Hy kan werklik dors les en honger stil maak. Hy sal die ewige lewe gee aan die wat Hom drink of eet.
- 1 Kor 10:1-4: Ek glo dit is duidelik dat Paulus in hierdie gedeelte juis die gebeure in Eksodus in gedagte het. In verse 3-4 verwys Paulus na die feit dat die volk destyds almal dieselfde kos geëet het – dit was natuurlik die manna wat die Here gegee het. Maar let op: Paulus praat van geestelike kos. Die fisiese manna wat die volk fisies geëet het, was dus 'n Ou Testamentiese tipe van die ware brood, wat ons sopas gesien het die Here Jesus self is. Paulus sê ook hulle het almal dieselfde drank gedrink – dit was natuurlik die soet water by Mara of die water uit die rots by Refidim. Maar weer praat Paulus van geestelike drank. Daardie fisiese water was dus 'n Ou Testamentiese tipe van die lewende water, wat ons sopas gesien het die Here Jesus self is. En dan praat Paulus van die feit dat hulle uit 'n rots gedrink het – dit verwys natuurlik na daardie rots by Refidim wat Moses moes slaan terwyl die Here self op die rots gestaan het. Maar weer praat Paulus van 'n geestelike rots. Die Refidim rots was dus 'n Ou Testamentiese tipe van die geestelike Rots, en Paulus sê spesifiek daardie geestelike Rots is Christus.

Ek glo die Nuwe Testament maak die volgende duidelik: Die water is 'n heenwysing na Jesus wat die lewende water is wat uit die Rots vloei, wat ook Jesus is. Die manna wat die Here uit die hemel gegee het, was 'n heenwysing na Jesus wat die ware brood is, wat uit die hemel gekom het. Soos wat die volk water moes drink en manna moes eet as hulle die beloofde land wou bereik, so moet gelowiges die Here Jesus "eet en drink" as hulle die ewige lewe wil ontvang.

Kom ons gebruik dit nou alles en dink dan weer oor wat destyds daar in die woestyn tussen die Rietsee en Sinai gebeur het:

Onthou die voorafgaande geskiedenis: Die volk is die uitverkore volk van die Here. Die volk het die beloftes van die Here ontvang. Die volk is sopas uit Egipte verlos. Hulle is verlos omdat hulle die beloftes van die Here rakende die bewarende bloed van die paaslam geglo het. Ons het gesê dit is 'n Ou Testamentiese tipe van gelowiges wat deur die Here uitverkies is, wat tot geloof in die Here kom, en wat geregverdig word deur die bloed van die ware Paaslam – dit is die Here Jesus.

Dit is hierdie volk wat by die Rietsee was – waar hulle opnuut ontsag vir die Here ontwikkel het, en wat sopas daardie oorwinningslied saam met Moses gesing het. Ja, hulle moes steeds in hulle geloof getoets en opgebou word. Maar hulle was verlos deur die Here.

Dit is hierdie volk wat op pad is na Sinai. Dit is hierdie volk wat by Mara, die Sinwoestyn en Refidim aandoen voor hulle Sinai toe gaan.

Kom ons dink oor wat gebeur by Mara: Na drie dae van trek deur die woestyn sonder water, is die volk dors. Ons as gelowiges moet dit onthou – die pad vanaf regverdigmaking na heerlikmaking deur heiligmaking is 'n woestynpad waar ons dors word. Maar dan kom hulle by Mara – daar is water! Maar die water is bitter. Hulle kon dit nie drink nie. Hierdie water kan eenvoudig nie jou dors les nie. En dit maak die volk opstandig teen Moses, en in effek teen die Here. Die Here se antwoord is om die water soet te maak – deurdat Moses 'n boom daarin gooi. Ons weet egter uit Joh 4 dat die soet water 'n tipe is van die Here Jesus wat die bron van lewende water is wat na die ewige lewe lei. Is dit werklik te vergesog om in die boom wat Moses in die water moes gooi 'n tipe van die kruis te sien (soos wat sommige kommentatore suggereer)? Gelowiges op die pad van heiligmaking moet leer dat daar twee tipes water is waarvan hulle kan drink – óf die bitter water wat hierdie lewe bied, maar wat nie werklik jou dors les nie en wat eventueel na die dood lei, óf die soet water wat die Here Jesus bied wat werklik dors les en wat na die ewige lewe lei – soos wat Hy aan die Samaritaanse vrou verduidelik het.

Maar na die Here dit duidelik gemaak het, dan sê Hy daar by Mara vir die volk Hy verwag dat hulle Sy voorskrifte en gebooie sal nakom. Ons moet nie verbaas wees nie. Onthou, die volk is nie gered omdat hulle gehoorsaam aan die voorskrifte van die Here was nie. Trouens, hulle het nog nie eens die volledige voorskrifte van die Here gehad nie – hulle was nog oppad na Sinai toe waar die Here dit aan hulle sou gee. Hulle het dit nog maar hoogstens stuk-stuk gehad. Nee, hulle is gered omdat hulle die uitverkore volk was, omdat hulle geglo het – selfs al was hulle geloof ook gebrekkig. Maar nou sê die Here hulle moet seker maak hulle het toegang tot soet water, hulle gaan dit nodig hê sodat hulle Sy voorskrifte kan nakom. Gelowiges moet seker maak hulle drink die lewende water wat die Here Jesus gee, sodat hulle kan leer om heilig te lewe.

Met dit in gedagte trek hulle verder na die Sinwoestyn toe. 'n Maand later is hulle daar. Maar nou vind hulle dit wat hulle eet onbevredigend. Dit is asof dit net nie hulle honger stil nie, en hulle begin terug verlang na Egipte. Dit tref gelowiges ook van tyd tot tyd: hulle begin onvergenoegd voel. Miskien was dit wat hulle agtergelaat het toe hulle tot geloof gekom het, tog nie werklik so sleg nie. Miskien moet hulle terugkeer soontoe. Maar dan kom die Here en sê Hy sal vir hulle brood uit die hemel gee. Hy sal dit daagliks vir hulle gee. Hy sal dit vir hulle gee tot hulle in die beloofde land is. Die Here herinner gelowiges hulle moet behoorlike kos eet – kos wat uit die hemel kom. Joh 6 het ons geleer daardie ware brood is die Here Jesus. Hulle moet dit gereeld eet. Die volk moes gereeld die paasfees vier om hulle te herinner aan hulle verlossing. Gelowiges moet gereeld die nagmaal vier om hulle te herinner aan hulle verlossing. Die volk moes 'n kruik manna bêre om vir die nageslag te wys. Gelowiges moet moeite doen om die volgende geslag gelowiges te leer wat die Here wil. Maar ons weet Jesus is ook die Woord. Gelowiges moet gereeld gevoed word met die Woord van die Here. Maar let nou op: die Here het daar in die Sinwoestyn gesê die gee van die manna is ook 'n toets – hulle moet dit reg eet: elke dag net genoeg optel vir die dag, niks laat oorbly tot die more nie, nie die sabbatdag ignoreer nie. En die Here sê vir gelowiges dieselfde: Ja, ons kan eet van die ware brood. Maar ons moet dit reg eet, deurdat ons doen wat die Here van ons vra. Ons moet nougeset let op wat die Here leer oor die brood – dit is immers kosbaar. Ongelukkig weet ons dat alhoewel die volk geëet het, was hulle nalatig, onakkuraat, selfs voorbarig in die manier waarop hulle geëet het. En die Here was nie tevrede daarmee nie. Gelowiges moet waak om met akkuraatheid van die brood

te eet, die nagmaal te vier, die Woord te leer en na te kom. Kortom, hulle moet noukeurig let om akkuraat te doen wat die Here van hulle verwag. Ongelukkig weet ons dat, soos die volk, gelowiges ook dikwels slordig is in hulle nakom van die voorskrifte van die Here.

Die gevolg is die Here lei die volk na Refidim toe. Daar is glad nie water nie. Natuurlik is dit weer ‘n toets van die Here – hulle het immers in die Sinwoestyn gewys deur hoe hulle met die manna omgegaan het, dat hulle nie voldoen aan die Here se standaard van akkurate gehoorsaamheid nie. Nou neem die Here die water heeltemal weg, en die volk se reaksie is: Hulle daag die Here uit: Is Hy werklik in ons midde? Ons as gelowiges kan ook verwag dat as ons slordig is in ons gehoorsaamheid, kan die Here die toegang tot die lewende water wegneem. Hy kan byvoorbeeld die toegang tot Sy Woord wegneem. En wanneer dit gebeur, is ons ook geneig om soos die volk te reageer en die Here uit te daag: Is U werklik hier by ons? Die Here gebruik egter die geleentheid om aan hulle ‘n belangrike beginsel te wys: Hy het by Mara gesê Hy verwag gehoorsaamheid. Die volk het egter in die Sinwoestyn gewys hulle is ongehoorsaam. En nou gaan die Here vir hulle wys wat die gevolg is van hulle ongehoorsaamheid: Die Here self gaan staan op die rots. En Moses moet die rots slaan. Effektief slaan Moses die Here self. Eers dan vloei daar water uit die rots en die volk kan weer drink. Die volk moes leer hoe ernstig hulle sonde is: dit lei daartoe dat óf hulle het nie toegang tot water nie, óf die Here moet geslaan word om weer water te gee. Gelowiges moet dieselfde leer: As ons ongehoorsaam is, beteken dit óf ons toegang tot die lewende water word afgesny, en ons is weer dors, óf die Rots, wat 1 Kor 10 ons leer die Here Jesus self is, moet geslaan word om weer water te kry. Genadiglik word die Rots geslaan en gelowiges ontvang weer water. Wat ons moet onthou is dat Jesus, die lewende Rots, vir elkeen van my sondes moet betaal deur geslaan te word. Ons leef natuurlik na Jesus se eenmalige offer, Hy is eenmalig reeds geslaan. Maar die beginsel is steeds waar: As ek ongehoorsaam is, moes Jesus ook daarvoor geslaan word – selfs al het dit al 2000 jaar gelede gebeur. Natuurlik moet dit ons aanspoor om te breek met die sonde.

Geliefdes, die gebeure by Mara, in die Sinwoestyn en by Refidim, maak dit duidelik gemaak al is die volk verlos uit Egipte, verwag die Here gehoorsaamheid van hulle. Miskien moet ons eerder sê: omdat die volk uit Egipte verlos is, juis daarom verwag die Here nou gehoorsaamheid van hulle, maar hulle val steeds kort in die Here se verwagting. En hier is die werklike krisis: die opdragte wat die Here tot dusver vir hulle gegee het, was nog maar gedeeltelik, en relatief eenvoudig – hulle moes net genoeg manna optel, nie op die sewende dag gaan optel nie, en die sewende dag as rusdag hou. Maar selfs dit was te veel vir die volk. En onthou hulle is op pad na Sinai – daar gaan die Here aan hulle Sy volledige wet gee. Kan jy jou indink wat dan gaan gebeur? Die Here maak dit nou al duidelik daar is ‘n Rots nodig wat geslaan moet word vir die volk om voortdurende toegang tot soet, lewegewende water te verseker. As die Here by Sinai Sy wet gaan gee, kan ons verwag dat die Here meer sal moet gee: Die Here sal ook iets moet gee om die volk te herinner aan hoe toegang tot water beskikbaar sal bly, al sal hulle telkemale die wet van die Here oortree. Ons weet dit is presies wat die Here gedoen het: By Sinai het Hy Sy wet gegee, maar Hy het ook die voorskrifte vir die tabernakel en die gepaardgaande offerdiens gegee – wat ‘n verdere Ou Testamentiese heenwysing na die eenmalige offer van die Here Jesus sou wees. Daarom kan ons die gebeure op pad na Sinai sien as voorbereiding vir wat by Sinai gaan gebeur – dit verduidelik vir ons die konteks en hoekom die verskillende elemente wat by Sinai hanteer word, nodig was.

Ek hoop dit is duidelik dat die Ou Testament openbaringsgeskiedenis is – dit is veral openbaringsgeskiedenis wat die verlossing van gelowiges deur die Here Jesus vir ons wil verduidelik. Die slag van die paaslam was ‘n Ou Testamentiese prentjie van die Here Jesus se verlossingswerk. Die slaan van die rots by Refidim was ‘n Ou Testamentiese prentjie van die Here Jesus se

verlossingswerk. Al die offers wat later gebring sou word, was Ou Testamentiese prentjies van die Here Jesus se verlossingswerk. Die Here wil dat ons dit behoorlik verstaan.

Ek sluit af met die volgende opmerking: Daar is redelik algemeen die siening dat die Ou Testamentiese volk die wet van die Here moes onderhou om daardeur hulle verlossing te bewerk. Ek hoop dit is duidelik dat daardie siening hoegenaamd nie strook met wat die Bybel leer nie. Die volk is eers uit Egipte verlos, hulle het selfs as die pasga gevier, hulle het selfs al van die soet water gedrink, voordat die Here gesê het Hy verwag gehoorsaamheid van hulle. Hulle het selfs al manna geëet, die Rots is selfs al geslaan, voordat die Here eers aan hulle Sy volledige wet gegee het. Verlossing in die Ou Testament was op grond van geloof wat gevolg het op hulle uitverkiesing, soos wat verlossing in die Nuwe Testament ook op grond van geloof is wat volg na uitverkiesing. Die geloof in die Ou Testament was selfs ook geloof in die Here Jesus – al kon hulle Hom nie so duidelik sien soos ons nie. Hulle het slegs die tipes gehad wat na Hom gewys het – die paaslam, die water, die manna, die Rots – maar hulle het steeds geglo in die Een na wie die tipes wys.